Wes-Kaap Onderwysdepartement
Rudolf Oosthuizen
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Rudolf.Oosthuizen@westerncape.gov.za | 021 467 2475

Verwysing: 20220818-5303
Lêerno: 3/1/3/1

Omsendbrief: 0026/2022
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en lede van die beheerliggaam

Kort opsomming: *Voorsiening van 2023 se onderwysdiensstate aan gewone openbare skole.*

Onderwerp: Voorsiening van 2023 se onderwysdiensstate aan gewone openbare skole

1. Verwys asseblief na Omsendbrief 0031/2009 van 28 Augustus 2009 vir 'n volle beskrywing van die wetgewing en maatreëls van toepassing op die jaarlikse uitreik van onderwysdiensstate aan skole. Benewens die volgende wysigings, bly die inhoud van daardie omsendbrief van toepassing op 2022:

2. **Onderwysdiensstate vir 2022**

2.1 Ingevolge die maatreëls van die Hersiene Posverspreidingsmodel, moet gewone openbare skole en spesiale skole teen 30 September van die voorafgaande jaar van hul jaarlikse onderwysdiensstate voorsien word. Dus, vir 2022 se akademiese jaar sal alle onderwysdiensstate wat aan gewone openbare skole uitgereik is (asook alle addisionele poste wat in 2022 as gevolg van 'n toename in die leerdergetalle of die kurrikulumbehoeftes van 'n openbare skool geskep en aan die skool uitgereik is) op 31 Desember 2022 verval.

2.2 Die onderwysdiensstate vir 2023 sal op 26 Augustus 2021 op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) onder die skakel *Administration (Establishments)* gepubliseer word.

3. **Posstruktuur**

Die posstruktuur en beskrywings vervat in die Personeel Administratiewe Maatreëls, soos gepromulgeer deur die Minister van Basiese Onderwys in Staatskoerant No. 39684, gedateer 12 Februarie 2016 is van toepassing op opvoederdiensstate.

4. **Skoolgradering**

Skole word ooreenkomstig die Personeel Administratiewe Maatreëls, soos gepromulgeer deur die Minister van Basiese Onderwys in Staatskoerant No. 39684, gedateer 12 Februarie 2016 gegradeer.

5. **Postoekennings vir opvoeders in 2023**

Die doelwit is om stabiliteit by skole tydens die akademiese jaar in 2023 te handhaaf. Die Hoof van Onderwys het ook aangekondig dat gewone openbare skole hul opvoeders se pos toekennings vir 2022 en addisionele poste vir 2022 vir die akademiese jaar in 2023 sal behou. Addisionele poste toegeken in 2022 vorm nou deel van 'n skool se vaste diensstaat. Skole wat in 2022 goedkeuring ontvang het vir die verlenging van graad en die taal van onderrig en leer sal in 2023 daarmee kan voortgaan en opvoederposte vir sodanige doeleindes ontvang.

6. **Hersiening van onderwysdiensstate in 2023**

Waar 'n skool 'n graad of grade uitfaseer, sal die onderwysdiensstaat hersien word op grond van die aantal leerders wat in die skool agterbly. Indien leerders 'n skool verlaat tydens die uitfasering van 'n graad of grade, sal die onderwysdiensstate (onderwysdiensstate) van die ontvangende skool (skole) hersien word.

7. **Herberekening van die onderwysdiensstaat as gevolg van 'n verandering in leerderinskrywings tydens 2023**

7.1 Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) behou die reg voor om Posvlak 1-poste af te skaf indien daar deur die loop van 2023 'n afname in die skool se leerdergetalle is. In sodanige gevalle sal opvoeders wat tydelik aangestel is, ná konsultasie, na poste by ander skole oorgeplaas word. Daarom, indien opvoeders op 'n tydelike basis gewerf word, moet prinsipale aansoekers inlig dat hulle aangestel sal word met die verstandhouding dat hulle moontlik na ander skole oorgeplaas kan word indien hul poste as gevolg van 'n afname in die leerdergetalle by die skool afgeskaf word.

7.2 Alle kontrakaanstellings moet vir 12 maande wees indien dit teen 'n addisionele kontrakpos is wat vir 12 maande aan die skool toegeken is. Hierdie nominasies moet deur middel van die Contract Appointment Tracking -stelsel by Hoofkantoor ingedien word.

7.3 Kontrakaanstellings teen permanente vakante poste moet vir 'n tydperk van ses of twaalf maande gemaak word indien die skool vir sodanige pos kwalifiseer. Skole moet toesien dat kontrakaanstellings aan die minimum vereistes vir aanstelling voldoen om vir die spoedige vul van die pos deur die omskakelingsproses voorsiening te maak. Indien dieselfde pos ná ses maande steeds vakant is, moet dit deur dieselfde posbekleër gevul word op 'n permanente basis, mits sy of haar prestasie bevredigend is.

7.4 Alle skole word versoek om hul leerdergetalle teen 07 Maart 2023 op SOBIS by te werk. Die onderwysdiensstate van alle skole waarvan die leerdergetalle minder is as die leerderinskrywings wat op hul opvoederdiensstaatbriewe aangedui word, sal teen 24 Maart 2023 herbereken word. Indien die skool 'n pos of poste gaan verloor, sal die getal kontrakaanstellings wat gelyk is aan óf minder is as die getal poste wat die skool verloor dienooreenkomstig vanaf 01 April 2023 hersien word.

8. Vul van geadverteerde poste

8.1 Alle poste wat reeds in 'n WKOD-vakaturelys geadverteer is, mag permanent gevul word, mits daardie poste op die onderwysdiensstaat vir 2023 verskyn.

8.2 Indien 'n geadverteerde pos nie op die onderwysdiensstaat vir 2023 verskyn nie, is die skool nie op daardie pos geregtig nie en sal sodanige pos as foutiewelik geadverteer beskou word.

8.3 Die bepaling dat 'n geadverteerde pos (veral 'n bevorderingspos) slegs gevul kan word indien dit nie veroorsaak dat 'n bykomende botallige opvoeder geskep word nie, bly van krag.

8.4 Indien die prinsipaal en die beheerliggaam van mening is dat die posbeskrywing van die geadverteerde pos nie langer aan die kurrikulumbehoeftes van die skool voldoen nie, mag hulle die kantoor van die Direkteur: Werwing en Keuring versoek om die pos as foutiewelik geadverteer te beskou. 'n Gedetailleerde verduideliking wat deur die prinsipaal en die voorsitter van die beheerliggaam onderteken is, moet sodanige versoek vergesel.

8.5 Om stabiliteit in 2023 te verseker, beoog die WKOD om die omskakelproses te gebruik om Posvlak 1-poste vir aanstelling op 01 Januarie 2023 te vul.

9. Vul van vakante substantiewe opvoederposte (gebaseer op onderwysdiensstate van 26 Augustus 2022)

9.1 Die WKOD ondervind steeds die finansiële beperkinge ten opsigte van die Vergoeding van Werknemers (VvW)-begroting vir die 2022/23 tot 2024/2025 mediumtermyn-uitgawesraamwerk. Een van die strategieë wat in 2022 ondersoek is, was om die impak van die VvW-uitgawe te verminder deur botallige opvoeders doeltreffend te bestuur, wat die laterale oorplasing van opvoeders tussen skole met vakatures en die benutting van botallige opvoeders waar kurrikulumuitdagings ervaar is, ingesluit het.

9.2 Die WKOD sal weer maatreëls implementeer en die effektiewe gebruik en aanwending van botallige opvoeders in 2023 noukeurig monitor. Die volgende stappe sal binne die tydraamwerke wat geïdentifiseer is, geneem word:

Intervensie-aktiwiteite	**Tydraamwerk**
Alle opvoeders wat nie in die onderwysdiensstate vir 2023 geabsorbeer kan word nie, word formeel botallig verklaar.	02–30 Oktober 2022
Distrikte identifiseer geskikte poste vir opvoeders wat botallig verklaar is vir plasing in 2023 en konsulteer met prinsipale/beheerliggame vir die plasing van botallige opvoeders. Formele plasingsbriewe sal uitgereik word aan opvoeders wat gepas en teen vakante substantiewe poste vir 2023 geplaas kan word.	02–30 Oktober 2022
Distrikte voorsien Hoofkantoor van lyste met botallige opvoeders, wat nie geplaas kan word nie, vir plasing in ander distrikte.	30 Oktober 2022
Formele plasingsbriewe word uitgereik aan opvoeders wat paslik in vakante substantiewe poste vir 2023 geplaas kan word.	01–30 November 2022
Botallige opvoeders wat nie gepas en geplaas kan word nie, moenie deel van die skool se roosterbeplanning vir 2023 uitmaak nie.	08 Desember 2022
In gevalle waar skole addisionele opvoeders as gevolg van groei in leerdergetalle benodig, sal distrikte met prinsipale/beheerliggame vir die plasing van botallige opvoeders onderhandel. Formele plasingsbriewe sal uitgereik word aan opvoeders wat paslik geplaas kan word.	18 Januarie 2023

9.3 Opvoeders wat reeds as botallig verklaar is, gebaseer op vorige onderwysdiensstate en in ooreenstemming met vorige prosesse, en wat steeds botallig is, behou hul botallige status. Hierdie opvoeders sal ingevolge die geldende kollektiewe ooreenkomste van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (RAVO) hanteer word.

9.4 Opvoeders wat permanent aangestel is, moet ingevolge Kollektiewe Ooreenkoms Nr. 4 van 2016 van die RAVO as botallig geïdentifiseer word.

9.5 Daar sal voortgegaan word met pogings om botallige opvoeders gedurende die akademiese jaar in 2023 te plaas waar opvoeders die diens van die WKOD verlaat en waar die botallige opvoeders se portefeulje aan die kurrikulumvereistes van die vakante opvoederspos/te voldoen.

9.6 **Aanstelling van pas gekwalifiseerde opvoeders**

9.6.1 'n Ander strategie om die kostes op die VvW-begroting te verminder is om eerder pas afgestudeerde opvoeders in die WKOD aan te stel as opvoeders wat reeds hoë salarisse verdien. Hierdeur maak ons ook voorsiening vir nuwe opvoeders om by die WKOD in diens te tree, en dra by tot die indiensneming van die jeug.

9.6.2 'n **Pas afgestudeerde opvoeder** word gedefinieer as 'n finalejaarstudent en/of enige geskikte gekwalifiseerde opvoeder wat in die afgelope drie jaar gegradueer het en nog nooit in diens van die staat was nie. Hierdie groep sluit Funza Lushaka-beurshouers in.

9.6.3 Terselfdertyd erken ons dat skole die uiteindelike keuse behoort te hê om die beste persoon vir hul skool te werf. Ten einde te verseker dat ons die verskillende belange balanseer, word prinsipale en beheerliggame genooi om die Hoof van Onderwys direk skriftelik te nader (en om die betrokke distriksdirekteur hierby in te sluit) indien hulle sterk besware teen die aanstelling van sodanige pas afgestudeerde opvoeders by hul skole het, en die uitslag van hul petisie afwag. Sodanige petisies behoort minstens twee weke voordat die opvoeder diens aanvaar, ingedien te word sodat elke geval na behore oorweeg kan word.

9.7 **Ander paslik gekwalifiseerde opvoeders**

Slegs geskikte kwalifiseerde opvoeders met 'n Relatiewe Onderwyskwalifikasiewaarde (ROKW) 13 of hoër kwalifikasie kan vir vakante substantiewe opvoederposte oorweeg word. Hierdie kantoor sal dit oorweeg om ander opvoeders aan te stel indien geen gekwalifiseerde opvoeders uit die bogenoemde kategorieë geïdentifiseer kan word nie.

10. **Vul van opvoederposte**

10.1 Voorkeur vir die vul van addisionele opvoederposte sal in die volgende rangorde gegee word:

a) Botallige opvoeders
b) Pas gekwalifiseerde opvoeders
c) Ander paslik gekwalifiseerde opvoeders

10.2 Slegs geskikte gekwalifiseerde opvoeders met 'n ROKW 13 of hoër kwalifikasie kan vir vakante en addisionele opvoedersposte oorweeg word. Hierdie kantoor sal slegs oorweeg om ander opvoeders in diens te neem indien geen geskikte gekwalifiseerde opvoeders uit die bogenoemde kategorieë geïdentifiseer kan word nie. Aansoeke vir die aanstelling van tydelike opvoeders in die volgende kategorieë moet vooraf deur die Direkteur: Werwing en Keuring goedgekeur word:

a) Opvoeders ouer as 65 jaar
b) Opvoeders wat die staatsdiens om die volgende redes verlaat het:
    i) aftrede
    ii) bedanking

iii) swak gesondheid
iv) wangedrag
v) drostery

c) Buitelandse opvoeders
d) Ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde opvoeders

10.3 Distrikskantore kan slegs oorplasings na ander skole goedkeur in gevalle waar die oorplasing die proses van herontplooiing sal bevorder, d.w.s. waar die oorplasing die herontplooiing van 'n botallige opvoeder in 'n vakante substantiewe pos tot gevolg sal hê. Hierdie maatreël geld ook in gevalle waar die oorplasing 'n pas gekwalifiseerde opvoeder sal toelaat om in die pos, wat weens die oorplasing ontruim is, aangestel te word.

11. Alle navrae aangaande hierdie omsendbrief en die tersaaklike wetgewing moet aan kringbestuurders gerig word.

12. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle opvoeders en lede van die beheerliggaam gebring word.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-08-25